Blanke verset teen verandering van die politieke bestel in Algerië (1958-1962) en Suid-Afrika (1990-1994): 'n vergelyking

Cornelia Susanna Lucouw

B.A. Hons.

Skripsie voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium in Geskiedenis aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Prof. P de Klerk

Vanderbijlpark

2000



POTCHEFSTROOMSE
UNIVERSITEIT VIR CHO
2001-05-08
VAALDRIEHOEKKA

Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys

Voorwoord

Met die voltooiing van hierdie studie wil ek my opregte dank uitspreek teenoor my studieleier, prof. P. de Klerk , vir sy deskundige en doelgerigte hulp en leiding. Dit was 'n voorreg om deur hom begelei te kon word in die akademiese groeiproses wat deur die skripsie gestalte gekry het.

Talle ander persone en instansies het 'n rol gespeel in die afhandeling van hierdie studie, maar ek wil veral die personeel van die universiteitsbiblioteek op die Vaaldriehoekkampus bedank vir hulle toewyding en immer vriendelike diens. Die hoof van Hoërskool Suiderlig, mnr. J. Strydom en my kollegas verdien 'n spesiale toekenning vir hulle geduld , begrip en aanmoediging : my opregte dank en waardering aan hulle.

'n Spesiale woord van dank aan me Sandra Opperman vir die finale versorging van die skripsie.

My liefde vir en belangstelling in Geskiedenis is reeds in my kinderjare deur my oorlede vader, Willem (Wolf) Engelbrecht, gevestig. Die voltooiing van hierdie studie is die kulminasie van die onvermoeide ywer en opoffering van beide my ouers waardeur studie en verdere studie vir my moontlik gemaak is. Ek het geweldige waardering vir hulle insette en die geleenthede wat hulle vir my geskep het.

Sonder die liefdevolle bystand, begrip en geduld van my eggenoot, Pierre, en ons drie kinders, Alexander, Leana en Seugnette, sou verdere studie vir my net 'n droom gebly het. Dankie dat julle gehelp het om my droom waar te maak.

S Lucouw
Vanderbijlpark
2000

Abstract

White resistance against change in the political dispensation (1958-1962) in Algeria and in South Africa (1990-1994): a comparison

By 1950 Algeria and South Africa were the two countries in Africa with the largest white populations. The whites in both countries constituted a minority of the total population. In both countries the whites had greater political, economic and social privileges than the indigenous population and in both countries violent resistance occurred against steps aimed at transferring power to the majority of the population. In the late 1950's and the early 1960's there was wide-spread resistance in Algeria against the political actions of the French government that intended to decolonise the region, in line with its other colonies. Thirty years later there were acts of resistance among whites in South Africa who opposed the introduction of a new constitution that would lead to a black majority government.

In this mini - dissertation a comparative study is made of the causes, progress and result of the white resistance actions in Algeria and South Africa, and primarily on the basis of available scientific publications. The conclusion is made, that in spite of clear similarities, there also are important differences. In the case of Algeria the white colonists enjoyed great support in France and initially also from the French government. The hesitant approach of the French government contributed to the decolonization process being accompanied by great loss of blood. Animosity prevailed between the natives and the colonists. It was difficult for them to remain in Algeria and to co-exist with the indigenous people in the same country. With independence, about one million colonists were uprooted and had to be resettled in France. In South Africa, on the other hand, the government succeeded in retaining the support of the majority of whites, as well as of the defence force, up to the election of 1994. No important white leaders propagated violent resistance. Sporadic instances of violence occurred that probably claimed fewer than a hundred lives.

Opsomming

Blanke verset teen verandering van die politieke bestel in Algerië (1958-1962) en Suid-Afrika (1990-1994): 'n vergelyking

Algerië en Suid-Afrika was teen 1950 die twee lande in Afrika met die grootste blanke bevolking, alhoewel die blankes tog in albei gevalle 'n minderheid in die totale bevolking gevorm het. In albei lande het die blankes 'n lang tyd veel groter politieke, ekonomiese en maatskaplike voorregte as die inheemse bevolking gehad en in albei lande was daar in hulle geledere gewelddadige verset teen stappe wat daarop gemik was om die mag aan die meerderheid van die bevolking oor te dra. In Algerië was daar in die laat vyftiger- en vroeë sestigerjare wydverspreide verset teen die politieke optrede van die Franse koloniale mag, wat die gebied, soos sy ander kolonies, wou dekoloniseer. In Suid-Afrika was daar dertig jaar later versetsaksies onder blankes wat gekant was teen die instelling van 'n nuwe grondwet wat sou lei tot swart meerderheidsregering. In hierdie skripsie word 'n vergelykende studie van die oorsake, verloop en en afloop van die blanke versetsaksies in Algerië en Suid-Afrika gedoen, hoofsaaklik op grond van beskikbare wetenskaplike publikasies. Daar word gekonkludeer dat daar ten spyte van die oogluikende ooreenkomste ook belangrike verskille is. In Algerië het die blanke koloniste groot steun in Frankryk en aanvanklik ook van die Franse regering geniet. Die weifelende optrede van die Franse regering het daartoe bygedra dat die dekolonisasieproses met groot bloedvergieting gepaard gegaan het en dat daar soveel vyandskap tussen inboorlinge en koloniste was dat hulle moeilik saam in dieselfde land sou kon bly voortleef. Met die onafhanklikwording is ongeveer 'n miljoen koloniste ontwortel en moes in Frankryk hervestig word. In Suid-Afrika, daarenteen, het die regering daarin geslaag om die steun van die meerderheid blankes, en ook van die weermag, te behou totdat die verkiesing van 1994 plaasgevind het. Daar was geen belangrike blanke leiers wat gewelddadige verset voorgestaan het nie en daar was slegs sporadiese voorvalle van geweld, wat waarskynlik minder as 'n honderd lewens geëis het.

Sleutelterme

Afrikaner-Weerstandsbeweging

Algerië

Bevryding

Blanke verset

Dekolonisasie

Front de Liberation Nationale (FLN)

Hervorming

Kolonialisme

Regse verset

Volksfront

Inhoudsopgawe

Hoofstuk 1

Inleiding

Hoofstuk 2

Algerië: oorsake, verloop en gevolge van blanke verset

2.1 Inleiding 5

2.2 Frankryk en Algerië: 'n historiese oorsig 5

2.3 Oorsake en verloop van die Arabies-Algerynse verset 11

2.4 Agtergrond en aanvang van die blanke teen-verset tot 1958 16

2.5 Bewindsoorname van generaal De Gaulle, hervormings en blanke verset tot 1960 22

2.6 Gebeure 1960 tot 1962 29

2.7 Gevolge 36

Hoofstuk 3

Suid-Afrika: oorsake, verloop en gevolge van blanke verset

3.1 Inleiding 41

3.2 Agtergrond en oorsake vir verset 41

3.2.1 Pogings tot hervorming van die apartheidstelsel en die ontstaan van regse opposisie daarteen 41

3.2.2 Ekonomiese agteruitgang 46

3.2.3 Die militarisering van Suid-Afrika na 1975 48

3.2.4 Godsdienstige skeuring 49

3.2.5 Regse ideologie 50

3.2.6 Samevatting 52

3.3 Die aard en grootte van die versetsgroepe 53

3.4 Die verloop van regse verset 55

3.4.1 Die periode 1990-1993 55

3.4.2 Die totstandkoming van die Volksfront 59

3.4.3 Die gebeure op die vooraand van die verkiesing 62

3.5 Redes waarom die regse verset nie meer effektief was nie 68

Hoofstuk 4

Vergelyking en beredenering van die vernaamste ooreenkomste en verskille

4.1 Inleiding 71

4.2 Belangrikste ooreenkomste in die Algerynse en Suid-Afrikaanse situasies 71

4.2.1 Die rolspelers 71

4.2.2 Redes vir die verset 73

4.2.3 Geografiese omvang van die verset 73

4.2.4 Verloop van die stryd 74

4.3 Verskille in die versetsituasies 75

4.3.1 Verskille met betrekking tot die rolspelers 75

4.3.1.1 Groepering van die rolspelers 76

4.3.1.2 Regerende leiers 77

4.3.1.3 Rol van die regse versetleiers 79

4.3.1.4 Rol van die weermag 81

4.3.2 Geografiese verskille 82

4.3.3 Verskille met betrekking tot die verloop van die regse verset 83

4.4 Slotbeskouing 84

Bronnelys 86